BYBELSTUDIE HEBREËRS 9:11-28.

1. OPSOMMING.

Die skrywer van Hebreërs het in die laaste gedeelte van hoofstuk 8 verduidelik dat die ou verbond moet plek maak vir 'n beter verbond. In 9:1-10 het hy ons gewys hoe die ou verbond en tempelerediens gewerk het. Nou gaan hy die jode daarop wys dat wanneer die ou tempeldiens in Christus wegval, dit geen rede is om hartseer te wees nie. In Christus vind hulle en ons alles in ryker mate terug. Christus is die Hoëpriester van die ware tabernakel. Aan Hom moet ons vashou deur die geloof. Dit is belangrik om raak te sien dat die skrywer die aardse tabernakel van die Ou Testament as 'n dowwe, onvolmaakte replika van die hemelse heiligdom voorhou. Die verskil is net dat die aardse tempel onvolmaak is maar die 'hemelse tempel' volmaak.

Vers 11-14 is die middelpunt van die hele Hebreërs. Die wonderlike werk van Jesus Christus word hier beskryf. Hy dien as Hoëpriester in die verbondstent [11].

VERS 11-12:

In vers 11 staan die naam Christus tweede in ons Afrikaanse teks, maar in die Grieks staan dit heel eerste. Jesus Christus bly sentraal in Hebreërs. Daarmee saam moet ons ook kyk wat met die *verbondstent* bedoel word. Sommige Skrifverklaarders meen dat dit heenwys na Christus se liggaam of selfs sy menslike natuur. Dit is natuurlik nie moontlik nie aangesien die verbondstent beskryf word as *een wat nie deur mense gemaak is nie*. Christus het hier 'n heiligdom ingegaan wat *groter* en *volmaakter* is as die aardse tabernakel. Deur hierdie volmaakte 'tabernakel' het Hy gegaan tot voor die troon van God, waar Hy aan die regterhand van God gaan sit het. So word ons Hoëpriester se aankoms in die hemelse heiligdom in vers 11 geteken.

Teenoor hierdie volmaakte ingang van Christus in die hemelse heiligdom, staan die aardse hoëpriester wat alleen maar deur die aardse heiligdom kan beweeg tot by die versoendeksel.

In die Grieks word besonder sterk beklemtoon dat Christus *net een maal* in die heiligdom ingegaan het. Dit sal nooit weer gebeur nie. Die pad na die hemel is nou oop. Die ewige verlossing vir die gelowiges is bewerk. Let op hoe pragtig word die hemelse heerlikheid wat Christus bewerk het teenoor die aardse gestel tot en met vers 14:

- Die hemelse verbondstent is groter en volmaakter as die aardse [11] en is nie deur mense gemaak nie;
- Christus se eie bloed [12,14] en nie die bloed van offerdiere [12,13] is voldoende om mense se sondes eens en altyd te versoen;
- Die rituele van die vorige bedeling reinig mense net uiterlik [13], en raak nie die sake van die gewete nie [14];

- ♦ Jesus se offer is volkome [14] teenoor die herhaaldelike offers van die Ou Testament [7-10].

Met sy eie bloed [12] wys op die uniekheid van Jesus se bloed. Hy het as Seun van God sy eie bloed vergiet. Hy is nie daartoe gedwing nie maar het dit uit eie vrye wil gedoen.

Die ewige verlossing [12] beteken die volgende:

- Hierdie verlossing is vir altyd verwerf – dit het ewigheidsbetekenis.
- Dit is totaal omvattend – dit omvat liggaam en siel.
- Dit verleen aan my tydelike [op aarde] en ewige toegang tot die teenwoordigheid van God.

Het Hy die heiligdom binnegegaan [12]: Dit beteken dat Jesus Christus sy eie offer in die hemelse troonsaal voor God neergelê het. Daarmee het Hy alle aardse offers en versoendae afgeskaf. So word sy kruisiging en opstanding en hemelvaart op 'n wonderlike wyse as eenheid saamgevoeg. Eintlik gaan dit nog steeds voort – want na sy hemelvaart verlaat Hy nie sy pos nie. As Hoëpriester bly Hy by God vir ons intree.

VERS 13-14:

In vers 14 *bevry die bloed van Christus ons gewete*. In die Grieks word die woord bevry met ‘reinig’ vertaal. Dit beteken dat ons gewete voor God skoongemaak word. As God ons gewete skoonmaak, is daar geen manier waarop ons nog aan skuldgevoelens mag vashou nie. Die sonde lê dikwels 'n las op ons gewete of bewussyn. Hebreërs se heerlike boodskap is dat Christus ons na buite en na binne van hierdie skuldgevoelens bevry.

Wat is daarom die rede waarom die hemelse heiligdom [erediens] soveel beter is as die van die Ou Testament? Omdat dit ewige verlossing bring!

In 1-14 is ons gewys op die priesterlike werk van Christus in die hemelse tabernakel. In 15-28 val die klem nou op die offer van Christus en die krag daarvan. Deur die bloed van Christus het daar versoening vir die sondes gekom, en deur hierdie veroening kan die nuwe testament (verbond) in vervulling gaan. U sal agterkom dat die woord testament nou gebruik word in die plek van verbond. Die Griekse woord wat vir verbond gebruik word kan beide beteken: verbond en testament. In die Ou Testament vir die eerste verbond [Sinai verbond] is die woord ‘verbond’ gebruik. Hebreërs maak die interessante skuif deur dit te verander na testament.

VERS 15:

Christus se dood en bloed het mense tot verlossing gebring. Volgens die skrywer is Hy nou 'n Middelaar en wel van die nuwe verbond [testament]. In die volgende verse word daar nou nader op hierdie testament ingegaan. Die gedagte word beklemtoon dat iemand moet sterf voordat 'n testament geldig is.

Vers 15 beklemtoon dat die Middelaar wel gesterf het vir oortreders onder die eerste verbond. Die eerste verbond is die onder Sinai – die wette van God. Hierdie wette is oortree en niemand kan getuig dat dit volkome onderhou is nie. Die Middelaar het die oortreders met sy bloed losgekoop. Dit was die Jode. Maar anders as die eerste verbond sluit die nuwe testament almal in wat Christus deur die geloof omhels. So kan almal deur die geloof *die beloofde ewige erfenis ontvang.*

VERS 16-22:

In hierdie gedeelte verduidelik die skrywer waarom Jesus se bloed en dood vir die nuwe testament nodig was. 'n Testament tree eers in werking wanneer die *testamentmaker* dood is. God moes eers sterf vir sy testament om in werking te tree. Dit het gebeur met die kruisdood van Jesus. Maarten Luther het gesê dat Jesus sy testament met die instelling van nagmaal opgestel het. Toe Hy die volgende dag aan die kruis uitroep: 'Dis volbring!' – het die nuwe testament in werking getree. Hy het nie aardse skatte vir sy volgelinge nagelaat nie, maar iets baie kosbaarders: sondevergiffenis en die ewige lewe!

Met Jesus se sterwe, is die testament onveranderlik gemaak. Jesus is egter nie net die testateur nie, maar ook die waarborg en eksekuteur gelyk. Daarom het Hy uit die dood opgestaan om die bepalings van die testament in werking te stel.

'n Voorafskaduwing van die beginsel dat 'n verbond [testament] met bloed in werking gestel word, vind ons in die Ou Testament [18-20]. Daarna verwys die skrywer van Hebreërs nou. By die berg Sinai [Eks.24:3-9] het Moses die bepalings van die wet aan die Israeliete voorgelees. Hebreërs brei effens hierop uit. Die *bloed van kalwers en bokke* word genoem asook *water*. Met *rooi wol en hisop* is die wetboek en die volk besprinkel [19]. Moontlik maak die skrywer hierdie toevoegings om die doop en die nagmaal in die argument te betrek. Wat wel duidelik is, is dat geen vergiffenis moontlik is sonder bloedvergieting nie [22].

VERS 23-28:

Hierdie verse is as,t ware 'n opsomming van wat tot nou toe gesê is. In hierdie gedeelte vra die skrywer ons om Jesus se eenmalige offer te aanvaar. Dit is voldoende om aan jou 'n nuwe lewe te gee. Reiniging van aardse dinge moes herhaaldelik deur bloedvergieting geskied. In die hemel egter word *hemelse dinge* eenmaal deur 'n beter offer gereinig [23]. Hierdie hemelse dinge verwys na dit wat ons gewete pla. Jesus se offer is genoeg.

Jesus verteenwoordig ons perfek by God [24]. Sy hemelse heiligdom is nie deur mense gemaak nie. Jesus staan dus in ons plek voor God, asof ons self voor God staan. God neem ons onvoorwaardelik in Christus aan.

In vers 25-26 redeneer die skrywer verder oor die eenmalige offer van Jesus Christus. Teenoor die aardse priesters [25] het Jesus nie herhaaldelik geoffer nie. In die voleinding van die tye het Hy *eenkeer* verskyn, gesterf en opgestaan, en só eens en vir altyd met die sonde afgereken.
'n Mens is bestem om net eenmaal te sterf en daarna kom die oordeel [27]. Selfs al sou die hoëpriester self sterf, sou hy nie eers vir sy eie sonde versoening kon doen nie; hy is steeds aan die oordeel blootgestel. Jesus is egter net een maal geoffer en omdat Hy volmaak was, het dit die sonde van baie weggeneem. Die oordeel wat na die dood moet kom, is skielik nie daar nie

B. <u>VRAE</u>.

1. Onder die ou bedeling het die hoëpriester een maal per jaar die heiligdom ingegaan vir die versoening van die volk se sondes deur offers te bring. Hoe het Jesus die vergewing van sondes verander? [Lees vers 11-14].

2. Lees vers 22 en 1 Petrus 1:18-19.
   Ons het heeltemal te gewoond geraak aan vergewing van sondes. Daarom rol die "vergewe asseblief" so maklik oor ons lippe. Wat dink u van hierdie stelling? Indien dit waar is, wat moet ons doen om dit te vermy?

3. In vers 16-22 verduidelik Hebreërs waarom Jesus se bloed en dood vir die nuwe testament (verbond) nodig was. Lees die gedeelte en verduidelik in u eie woorde hoe Jesus die testament opgestel, en hoe Hy dit in werking gestel het.

4. Lees Hebreërs 9:15 en 26. Identifiseer die belangrikste goeie dinge wat Jesus Christus ons in sy testament nagelaat het.

5. Waarom sou mense steeds met skuldgevoelens rondloop ten spyte van die volkome bevryding wat Christus vir ons verwerf het?
   Vgl. p2 vers 14 opsomming

6. In Hebreërs 9:24-28 kom die woordjie *verskyn* drie keer voor, maar elke keer in 'n ander betekenis. Kan jy die betekenis bepaal?

7. Hoeveel keer word die uitdrukking net *een maal/keer* in Hebreërs 9:25-28 gebruik? Wat wil hierdie beklemtoning vir ons sê?

C. <u>ANTWOORDE</u>.

1. Hy het met sy eie bloed betaal en nie met die van diere nie;
   Hy is slegs een maal geoffer en nie herhaaldelik soos die offerdiere in die Ou Testament nie;
   Die offers van die offerdiere het die mense net uiterlik gereinig en nie innerlik nie (nie van hulle gewete nie [14]);
   Jesus se bloed is voldoende om mense se sondes vir altyd te vergewe;

2. Ons moet nooit vergeet dat God se vergiffenis wel gratis aangebied word, maar ten duurste verkry is nie. Dit is geen geringe saak wat Jesus moes deurmaak sodat ons kan bid: "vergewe ons sonde" nie.

3. 'n Testament tree eers in werking wanneer die *testamentmaker* dood is. God moes dus eers sterf vir sy testament om in werking te tree. Dit het gebeur met die kruisdood van Jesus. Maarten Luther het gesê dat Jesus sy testament met die instelling van die nagmaal opgestel het. Toe Hy die volgende dag aan die kruis uitroep: 'Dit is volbring' – het die nuwe testament in werking getree. Met Jesus se sterwe is die testament onveranderlik gemaak. Jesus is egter nie net die testateur nie, maar ook die waarborg en eksekuteur. Daarom het Hy uit die dood opgestaan sodat die bepalings van die testament in werking kan tree.

4. Sondevergiffenis en die ewige lewe!

5. Eie antwoord [vgl. p2 vers 14 van opsomming].

6. Vers 24: met sy hemelvaart;
   Vers 26: met sy eerste koms;
   Vers 28: met sy wederkoms.

7. Drie keer [26,27,28].

   Die Israelitiese erediens op die Groot Versoendag moes elke jaar herhaal word. Die hemelse heerlikheid is egter uniek. Dit is eenmalig. Christus se offer het die pad na God oopgemaak. Geen offer sal ooit meer nodig wees nie.